SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort Tel: (012) 808-9300
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

A BEVOEGDHEID

A4 PROSEDURE VIR HERNUWING VAN BEVOEGDHEID

Bevoegdheid vir vuurwapens wat onder Artikel 15 of Artikel 16 uitgereik word, is geldig vir 10 jaar vanaf die datum waarop dit uitgereik is.

- Indien jy net een handwapen besit wat onder Artikel 13 van die Wet uitgereik is vir die doel van selfverdediging, is die handwapenbevoegdheid slegs geldig vir 5 jaar.
- Indien jy 'n handwapen besit wat onder Artikel 15 of 16 van die Wet vir sportskiet of jagdoeleindes uitgereik is, is jou handwapenbevoegdheid geldig vir 10 jaar.
- Indien jy twee handwapens besit waarvan een uitgereik is onder artikel 13 van die Wet, en die tweede onder Artikel 15 of 16 van die Wet, is jou bevoegdheid vir jou handwapen vir 10 jaar geldig.

SA Jagters se advies aan lede is om hulle bevoegdheid 10 jaar nadat dit uitgereik is, of in die geval van een handwapen wat onder Artikel 13 uitgereik is, na vyf jaar te hernu.

Die prosedure vir die hernuwing van 'n bevoegdheidsertifikaat is as volg:

Voltooi **SAPS 517 (g)** vorm (Application for the renewal of a competency certificate) in swart ink. Laai die vorm hier af.

Heg die volgende dokumente aan u aansoek

- Twee (2) gesertifiseerde afskrifte van jou ID-dokument
- Afskrif van die bevoegdheidsertifikaat wat jy wil hernu.
- Gesertifiseerde afskrif van jou vaardigheidsopleidingsertifikate (*Statement of Results*)
- Vorige PFTC en SASSETA opleidingsertifikate is steeds geldig.
- Bewys van u woonadres (nie ouer as 3 maande nie)
- Twee (2) getuigskrifte van familie en vriende of kollegas wat u karaktereienskappe bevestig. (Een moet deur 'n familielid en twee moet deur vriende of werk kollegas geskryf wees)
- Twee (2) volkleur paspoortfoto's.
- Drie (3) volkleurfoto's van kluis met die deur toe, met die deur oop, en een wat die boute wys waarmee dit vasgesit is. (Die kluisfoto's is nie 'n vereiste vir by die aansoek vir 'n bevoegdheidsertifikaat nie, maar sommige AVO's vereis dit. Neem net saam.)
- Jou AVO sal twee (2) stelle vingerafdrukke op die SAPS 91 vingerafdrukvorm neem.
- R84-00 in kontant.

Die SAPD sal jou hernuwingsaansoek verwerk en die bevoegdheidsertifikaat uitreik.

Raadslede/Board members: EPV Bergh, ASC van Heerden, RJG Sowry, DJJ Momberg, LS Potgieter, RF Camphor